

N.G. Gemeente Vaalpark

**Gebedsbulletin no 48**

**26 November 2023**

## Neem jou wonde na Hom toe

**As daar een ding is wat alle mense gemeen het, is dit dat ons in die loop van die lewe seerkry en verwond word. Ons almal het iewers al verwerping ervaar, verneder gestaan, foute begaan, afgeskeep gevoel en is teleurgestel deur mense. Sommige van hierdie pynlike oomblikke was dieper as ander.**
**Die diep seer wat ons harte verander en ons menswees gekrenk het, word dikwels die emosionele bagasie wat ons saamdra.**
**Gelukkig loop nie almal  met "oop" wonde wat 'n uitwerking op hulle daaglikse lewe of emosionele welstand het nie. Baie wonde genees met volwassewording. Die grootste genesing gebeur spontaan namate ons geestelik groei, ons identiteit in God gevestig word en ons Sy beloftes oor ons leer vertrou.**
**Verwonde mense reageer verwond. Dit het 'n uitwerking op ons lewens en verhoudinge.**
**Genesing neem tyd. 1 Petr 2:24 leer ons dat ons deur Sy wonde gesond gemaak is. Rom 12:2 wys dat ons ons lewe kan verander deur God toe te laat om ons gedagtes nuut te maak. Niks kan ons verlede en die oomblikke of prosesse van verwonding uitwis nie, maar deur gebed, belydenis, vergifnis en tyd in Sy Woord saam met Hom kan ons vry kom. Ons wonde kan genees sodat ons nie meer 'n storie het van wat gebeur het nie, maar 'n getuienis. En dis dié getuienisse wat mense om ons bemoedig en hoop gee!**
**Hy is Jehova Rapha – Hy is steeds op die troon. Jesus se bloed en gebreekte liggaam , die sentraliteit van die Kruis, is genoeg om ook vir my en jou oorwinning, genesing en bevryding te bring. Kom ons verander ons storie in 'n getuienis tot Sy glorie!**

**Dankie!**

- **Vir die hoop wat ons in Christus het! Dat níks te buitengewoon is vir Hom nie!**
- **Dat Hy ook gekom het vir die gebrokenes van hart.**
- **Dat ons die voorreg ontvang het om Sy Naam te gebruik en aan te roep!**
- **Dat ons met vrymoedigheid voor die genadetroon van God kan staan agv dit wat Jesus vir ons deur Sy offer aan die kruis vir ons gedoen en bewerk het!**

**Gemeente en algemene voorbidding:**

- Vir ons predikante en hulle gesinne.
- Vir ‘n geestelike ontwaking in die Kerk, verlossing van ongereddes en sosiale
- geregtigheid. Vir eenheid, herlewing en transformasie in SA.
- Vir die opbou en toerus van God se kinders om God se hart aan stukkende en verlore mense te openbaar.
- Vir God se Koninkryk en Sy wil om in SA te geskied.
- Vir die ekonomie, mense wat hulle werk verloor het en werkskepping.
- Dat ons ‘n biddende gemeente sal wees, met ‘n hart van gebed soos Jesus.
- Vir ons huwelike en gesinne. Vir versoening, herstel en genesing van verhoudings.
- Kom ons bid met Sy Koninkryksvisie en -misie in ons harte vir ons land. Kom ons belyn ons harte met God se hart.
- Vir ons skoliere en studente. Dat hulle hulle hoop in Christus sal vind.
  Vir almal wat besig is met eksamens!
- Vir Eskom, water krisisse, onrus en nood in ons land.

**Gebedsversoeke**

- Lottie Conradie
- Maria Steyn
- Oom Sampie Swart
- Jaco Steenkamp
- Tannie Marinda Jordaan
- Louis Strauss
- Annika Killian
- Leonie Kruger
- Albert Glockzin
- Jillian Jansen
- Willie Britz
- Tilly van Huysen
- Annatjie Pienaar

Frik Blom
Ria Putter
Tannie Martie de Beer
Monty Pienaar
Tannie Bets Coetzee
Flippie Roslee
Sumari Pretorius
James Vermaak
Talitha Prinsloo
Rudi Kruger
Jaap Naude

## Gedagte vir die week

**“Deur Sy wonde is julle genees.”**
**1 Petr 2:24**

## Stuur Gebedsversoeke aan:

Ds Deon 083 288 7555 of Kerkkantoor
N.G. Kerk Vaalpark se webtuiste: ngvaalpark.org